Received 18/2 ①

Mev G. M. Kayser. (1)
Posie Restante.
Kuils Rivier
7580
12-2-1992

AAN: y
SS v d Merwe &
Mac Maharaj
P/A Kodesa-Sekretariaat
Posbus 307.
ISANDO. DRINGEND.

Geagte Mnr, Mev, Mej, DR, Prof: teenwoordig
ek Mev Grace Merle Kayser
rig hierdie brief aan u, ek is desperaat
ek pleit Tot u vir hulp & advies asb!
(1) Insake 'n erfdeel-saak Van grond, Huis
& Andergeboue = Van My Tot kinds-kinde-
rings erfdeel Van My gewese werkgewer
asook my erfdeel Wat 'n beloning aan
my vir 'n heldedaad wat ek aan hom
bewys/gedoen het 1947. ek sal afskrifte
Van die geskiedenis aan u kantoor
Voorsien op Navraag of 'n antw Van u
1(A) die Hooggeregshof te K/S verwys; NO
Van erfdeel Saak is 6736/84. oor N Kleinhoew
Kortliks die Saak het in die Hof gedien
oor die erfgrond en Was al Tussen 2 &
21- NOV 1984 Finaal afgehandel Voor
Sy Edele Regters. Vos & Friedman.
dit Was net. die Oordrag. /registrasie
Wat Moes geskied het.
Maar Sekere / se vele Prokrs & Adv. het
GMK.

aanh. (2) 12-2-1992

Ons Mislei Sedert Junie 1978 Tot
Nog op 5-11-90 - ook 10-1-91 (17) / en
nog steeds tot Vandag 12-2-1992.
ek staan alleen Maar vertrou englo
dat die heer My sal help.

My eggenoot ly 'n gebrêk weens
bomskok wat hy in die 2de Wêreld
oorlog opgedoen het ~~hy~~ is dood & is
Sedert 1944 onbevoegd verklaar om
enige verantwoordelikheid te dra of om
sake te doen.

ek is & was Maar al een
wat oor die 23 jr wat ons op die 18-2-92
getroud sal was, as Ouer & Voog moes
op getree het.

Ek sal alle benodig dokumente
Tot u hulp beskikbaar stel Inverband
Met die erfgrond en ook groentegelde
en diensloons Sedert 1974/75 tot Nou
Wat Ons nie Ontvang het nie!

die geld Was gespaar in 'n Trust
ook word dit weerhou deur 'n RrokJU
Wyk Wat Sedert 17-2-1984 'n hofbevel
Minag het & Met Ons bloedsweet sit
en Nadat die Hof Ons kaysers/Isaacs
Fam/gesin 2 Keer sedert 15-10-84 & 17-1-199

gmk

aanh. (3) 12-2-1992

trug laat trek het in Ons erfdeel
huis en op Ons grond Met al Ons
diere buiten die Skade, verlies, lyde
vernedering, eerskending.

Mensenregte Ontneming deur.
J V Wyk & Ander.
die Trustgeld verwys No by die
Hooggeregshof te K/S gedien voor
Sy Edele Regter King is No 719/8
die ~~Be~~ gmk bevel het J. Van Wyk Wa
nie in die kaysers/Isaacs/ Van K.S
Maisels saak/sake hoort nie die
hof bevel /minag het.

Sedert okt 1983 Tot Nog (weer) [in?] 1990/1
Was regshulp aan Ons Toegestaan.
Nog tussen dit het 'n Versekerings
Makelaar en 3 Prok & Advokate Ons
Mislei Met eise Van Kontant geld in
My. as ook Met My Testament en
Verwydering & vernietiging Van
Dokumente. Sedert 1948 Tot Dwarsdeur
Tot Nou 12-2-1992. Ons Was Tot in
die Hof Mislei op 5-11-1990

daar Was geen Hof saak teen die
Kaysers/Isaacs gesin nie Maar
Ons Was gedreig deur Ons eie-
gmk

aanh (4.)                                                  12-2-1992

regverteenwoordigers op 5-11-90 en op
17-1-1991- persoonlik sal ek dit
(2) spreek - Van gebeure & bewyse sal
ek gaan afhaal & aan u Voorsien.

(2) Om alles te Kroon betaal ek al
Sedert Sept 1976 Tot nog ontlangs
Jan 1992- die gm. eiendomsbelasting-
Van erf 945 Te. K/R
en Waar ek nou in die Bos woon.
adres P/A Goedehoop plaas
Kuils Rivier.

het ons nie eers drink Water nie, Maar
ek Moet betaal vir Meter Wat
op My erf grond is. asb. help.
Ons as u kan ek vra aan dat
die saak rigbaar gemaak word.
Antw asb en vra die benodige
gmk dokumente aan - Vele het die frokrs
laat vernietig & Verwyder.
Maar Van A Tot Z besit ek
darem die Hoof feite & bewyse.
ek sal My Samewerking gee
ek pleit Tot u vir hulp. ek Was
Tot Aangerand en Vasgeboeie. deur J V wyk
en op 10-1-1991 het hy vir die derde
keer My goed op straat laat gooi

gmkayser

aanh. 5    12-2-1992

& My 10 vertrek Historiese huis en alle buite geboue en krale laat sloop Tot derdeusende rande se skade Van Tot Mens & dier Was aangerig.

ek Word Van bakboord Tot stuurbord gejaag waar en om hulp gaan aan Klap.

die Aanrandingsaak Was tot by Min Van Wet & orde aangemeld ook die ~~[illegible]~~ grnk Onreelmatighede en Onreg Matighede Van & Tot Minagting Van die Hof Was Tot die Hoogste gesag aangemeld.

help asb. ek het al drie keer My Operasie Wat ek Moes Ondergaan Na die aanranding uitstel. Omdat ek weet Wat ek en My gesin hardvoorgesweet het Van Ons op 'n Oneerlikewyse Ontneem is. Volgens die J.V. Wyk het die Saak Van erfdeel en spaargelde Voor agt Sy Edele Reglers gedien in Kaapstad. het asb. almal se Name sal Voorsien Word en die Rekords op Datums Wat ek Van Weet Van diening sal aangegee Word.

Die Uwe Mev HMKayser

(6) 12. 2- 1992

Hooggeregshof te K/S

ID 3804230018014.

Sake No: Grace M. Kayser.

My Eggenoot:- Peter Jacobus Kayser.

verwysings I.D 2002095070011 (70)

erfdeel. NO. 6736/84

Trust geld- 719/84.

1986 het ek geappelleer op die erfdeel saak op 6-3-1987 Was die Saak geskrap. Omdat daar geen eisers teen Ons Kayser/Isaacs was nie Maar Van daardie Tyd het J Van Wyk geprobeer om Ons uit te gooi. So-dat hy en Ander die grond kan Ontwikkel. hy sit Met Ons Trust geld- 1988 by Navrae by die Hof toe toon dit skoon 'n Egskeiding Saak aan. 915/86/7/8.

die Uwe

GM Kayser

C • O • D • E • S • A

MANCOM\CORRES\LET (3)

MANAGEMENT COMMITTEE\CORRESPONDENCE\ACKNOWLEDGEMENT

Mev GM Kayser
Poste Restante
KUILS RIVIER
7580

Geagte Mevrou Kayser

Hiermee erken ons ontvangs van u skrywe gedateer 12 Februarie 1992.

Die aangeleentheid deur u genoem het nie betrekking op die proses van Kodesa nie. Ons verwys u graag na die Lawyers for Human Rights wat u moontlik behulpsaam sal kan wees. U kan hul kontak by die volgende adres: Van Erkomgebou 713
7de Vloer
Pretoriusstraat 217
PRETORIA
0001

TEL - (012) 212135

Vriendelike groete

Murphy Morobe
Hoof: Kodesa Administrasie

CONVENTION FOR A DEMOCRATIC SOUTH AFRICA

PO Box 307, Isando, 1600, South Africa.
Telephone (011) 397-1198/99. Fax (011) 397-2211